

ADVIESRAAD VIR OU LÜCKHOFF

Die Lückhoff Skool in Banhoekweg, Stellenbosch, is 'n belangrike baken in die geskiedenis van die gemeenskap van die Vlakte; dit is die gebied tussen Victoria-, Bird-, Banhoek- en Joubertstraat. Die gebou behoort tans aan die Universiteit Stellenbosch (US), nadat dit in 'n ruiloorreënkoms in 1987 bekom is. Die US het bykans agt jaar gelede begin met 'n konsultasieproses met gemeenskapslede wat vantevore in die Vlakte gewoon het.

Mylpale in hierdie gesamentlike proses sluit in

- die verbintenis tot gesprekvoering;
- die skryf en publikasie van "In Ons Bloed" (2006), 'n boek oor die geskiedenis van die Vlakte; en
- die simboliese hertoewyding van die skool aan die Stellenbosse gemeenskap (2007).

Op 8 Oktober 2008 is 'n volgende mylpaal bereik: 'n permanente uitstalling om die erfenis van die Lückhoff Skool te bewaar is feestelik geopen deur die Rektor van die US, Prof Russel Botman, in die teenwoordigheid van ongeveer 250 gemeenskapslede. Die foto- en ander materiaal is verkry deur die aktiewe samewerking van gemeenskapslede. 'n Tweede fase van die permanente foto-uitstalling, wat handel oor uitstygery op verskillende gebiede in die Suid-Afrikaanse samelewing, is in die volgende jaar voltooi en is op 30 Oktober 2009 geopen, presies 30 jaar nadat die laaste Lückhoff-leerders die skool ontruim het.

Intussen is ook begin met die verdere opgradering van die gebou. Die ou Lückhoff Skool dien as vergaderplek vir 'n verskeidenheid van gemeenskapsgroepe verteenwoordigend van die breër Stellenbosse gemeenskap (ongegag van kleur) en as 'n gemeenskapssentrum wat dienste verskaf aan gemeenskapslede van Stellenbosch wat dit nodig het. Dit is ook 'n belangrike fasiliteit vir die bevordering van gemeenskapsinteraksie by die US, onder meer deur vrywilliger- en diensleergeleenthede vir studente te skep. Die gebou het die potensiaal om 'n belangrike baken van hoop en ontmoetingsplek tussen verskillende gemeenskappe op Stellenbosch te word.

'n Belangrike volgende stap sal wees om te verseker dat gemeenskapsinspraak in die bestuur van die Lückhoff Skool geformaliseer word. Belangstellendes uit die gemeenskap, veral oud-leerlinge van Lückhoff, word genooi na 'n vergadering wat om **19:00 op Donderdag, 15 Julie 2010** gehou sal word om gemeenskapsinspraak te verkry oor die samestelling en stigting van 'n Adviesraad wat gemeenskapsinspraak op 'n volhoubare wyse sal verseker. Kontak asseblief dr. Jerome Slamet by (021) 808-3639 of jaslamat@sun.ac.za vir verdere inligting.